

Skriflesing Kolossense 2 vers 6-15

Tema Back to the basics

Om Christus alleen te aanbid is nie genoeg nie. Hy is nie die enigste, voldoende Verlosser nie. Daar is mense wat in die gemeente in Kolosse verkondig dat vir volledige bevryding en beskerming ook ander magte aanbid moet word. Christus alleen is nie genoeg nie. Christus plus nog iets of iemand is nodig.

Dit gebeur vandag steeds dat ons maklik tradisies, reëls en voorskrifte deel van ons verlossing maak. Daar is 'n klomp vereistes waaraan jy nog moet voldoen. Party mense sê dat jy moet in tale moet spreek of groot gedoop moet word. In ons eie gemeente kan dit ook gebeur dat ons 'n klomp plusse saam met Christus belangrik maak. Jy moet gedoop wees, belydenis van geloof aflê of jou naam moet op die boeke wees. Jy moet op die kerkraad dien, dankoffer gee of aan 'n selgroep behoort. Ander ouens laat ons selfs sleg voel met alles wat hulle sê noodsaaklik is vir verlossing: jy moet elke dag 'n uur of twee Bybelstudie doen, verkieslik baie vroeg in die oggend, of jy moet gereeld vas vir verlossing.

Hierdie goed is so oud soos die berge. Dwaalleraars het al die gemeente in Kolosse verwar met teorieë en argumente wat misleidend is. Paulus noem dit dinge wat berus op die oorlewering van mense en op wettiese godsdienstige reëls maar nie op Christus nie.

En dan gaan Paulus: "back to the basics" wat 'n lewe in verbondenheid aan Christus aan betref. Waaroor gaan Christenwees en kerkwees? Dat ons Jesus Christus as Verlosser sal aanneem en in 'n lewende verhouding met Hom sal leef.

In Kol 3:11 staan daar: "Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal."

Dieselfde vers uit die Boodskap lees soos volg: "Dit maak nie saak of iemand nog altyd 'n kerklidmaat was en of hy eers laat in sy lewe 'n Christen geword het nie. Hy vra nie of iemand kan lees of skryf of waar hy vandaan kom nie. Nog minder vra Hy hoe belangrik iemand in die gemeenskap is en of hy 'n goeie werk het of nie. Al wat God vra, is of Christus in iemand se lewe is. Want al wat regtig in die lewe tel, is net Christus."

Paulus "teken" in ons gelese gedeelte 4 prentjies van 'n lewe in verbondenheid met die Here: die eerste twee prentjies is dat ons as gelowiges in Christus **gewortel** en op Hom **gebou** moet wees, vas in die geloof. Soos wat 'n wortel noodsaaklike voedingsstowwe vir 'n plant opneem en ook die plant vas anker, so is ons in geloof in Christus gewortel. Soos wat 'n hele gebou geanker is op sy fondament, so is ons op Christus as fondament gebou. In 1 Kor 3:11 lees ons "...want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus."

Ons lewe is in Christus. Hy is ons fondament. Om in Hom gewortel en op Hom gebou te wees, beteken om gereeld Bybel te lees en te bid. Dit beteken om tyd saam met medegelowiges deur te bring in die erediens en in 'n kleingroep. Dit beteken ook om uit te gaan en in die wêreld 'n verskil te gaan maak vir Hom.

Wanneer ons gewortel en gebou is in Christus, leef ons anders. Ons deel in Sy volheid.

Ons leef 'n nuwe lewe.

Ons lees van hierdie lewe in Kol 2:14 "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Dit is die derde prentjie wat Paulus teken. God het deur Jesus Christus ons sonderekening, wat vir ons te groot was om ooit self te betaal, kom betaal. Jesus Christus het ons sonde en dood op Hom geneem en deur Sy kruisdood daarvoor betaal. Sy opstanding is bewys dat ons rekening deur Christus betaal is.

In ons elkeen se lewe as 'n gelowige is daar 'n verlede en hede wat in Christus duidelik van mekaar geskei is.

Voorheen was ons sondige natuur nie weggeneem nie. Ons was dood in sondeskuld.

Tans is die doop ons versekering dat ons deel kry aan wat met Christus gebeur het. Ons is saam met Hom begrawe. Ons ou mens het gesterf of is van ons afgesny – so radikaal en finaal is dit.

In verbondenheid met Hom is ons saam met Christus opgewek en staan ons as nuwe mense onder nuwe heerskappy. Nou lewe ons die nuwe lewe in oorvloed, want God het ons in Christus lewend gemaak deurdat Hy al ons sondes vergewe het.

Dit is nie lekker om met finansiële skuld te leef nie. Dit verstrengel 'n mens. Dit lyk of daar geen uitkoms daaruit is nie. Maar in sondeskuld hoef ons nooit weer te leef nie. My en jou rekening is klaar deur Jesus Christus betaal.

Nou heers ons met Christus oor elke mag en gesag.

In Kol 3:15 teken Paulus die vierde prent van 'n lewe in verbondenheid met Christus: "Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer."

Paulus "teken" 'n bekende prentjie vir sy tyd. Nadat twee magte teen mekaar oorlog gemaak het, het die seëvierende generaal op 'n triomftog, baie keer deur sy verslane vyand se hoofstad, gegaan. Vooraan die optog was die seëvierende generaal op sy strydwa, rondom was sy weermag wat saam feesvier. Agter hom is die verslane vyand, soms kaal en in boeie tot bespotting van almal, vertoon.

Vandag strompel die die bese magte magteloos in kettings agter Jesus as die groot wenner aan. Die bese is uitgelewer aan die spot van die mense op straat. In hierdie optog word Jesus se oorwinning feestelik gevier.

Waar bevind ek en jy ons in hierdie lewensoptog? Ons is deel van die oorwinning in Jesus Christus. In geloof geanker en gebou op Jesus kan niks of niemand my meer bind nie. Ek en jy deel in die triomf van die Here. Ons stap saam met Hom in Sy oorwinningsoptog. Kom ons gaan leef as sy wenners.

Afsluiting

Christus alleen is genoeg. In Hom het ons alles wat nodig is vir ons verlossing en 'n nuwe skuldvrye oorwinnaarslewe.

"Dit maak nie saak of iemand nog altyd 'n kerklidmaat was en of hy eers laat in sy lewe 'n Christen geword het nie. Hy vra nie of iemand kan lees of skryf of waar hy vandaan kom nie. Nog minder vra Hy hoe belangrik iemand in die gemeenskap is en of hy 'n goeie werk het of nie. Al wat God vra, is of Christus in iemand se lewe is. Want al wat regtig in die die lewe tel, is net Christus." (Kol 3:11)

Amen